# CENTURION ROLBALKLUB

# Dissiplinêre Kode -BELEID

# DISSIPLINêRE KODE/BELEID

1. **Doel**

Die doel van die dissiplinêre kode is om riglyne te verskaf om wangedrag by Centurion Rolbalklub te bestuur. Wangedrag kan beskryf word as die verbreking van enige reël of standaard wat aan die lede bekend is of waar daar redeliker gewys aanvaar kan word die lede van moes geweet het. Die kode dien as riglyn vir die regverdige en eenvormige bestuur van dissipline by die klub. Die doel van dissipline is om onaanvaarbare gedrag reg te stel en `n progressiewe benadering word gevolg. Alhoewel nie alle tipes wangedrag in die kode omskryf word nie; ontneem dit nie die klub bestuur se reg om aksies te neem teen sulke wangedrag nie.

2. **Algemeen**

Die dissiplinêre kode vorm deel van die lidmaatskap voorwaardes van elke lid van die klub.

3. **Verpligtinge van partye**

   a. Die **klub** sal:

      i. Regverdige en konstante dissiplinêre prosesse in stand hou.

      ii. Verseker dat alle lede van die klub kennis dra van die aanvaarbare en redelike standaarde vir gedrag wat van hulle verwag word by die klub.

      iii. Die klublede met respek en waardigheid behandel

   b. Die **klublede** sal:

      i. Voldoen aan die vereistes van die dissiplinêre kode en prosedures

      ii. Ander mense en hulle eiendom met respek hanteer.

      iii. Verseker dat hy/sy vertroud is met die vereistes en terme van die dissiplinêre standaarde by die rolbalklub.

4. **Dissiplinêre stappe**

   a. Dissiplinêre optrede kan verskillende vorme aanneem afhangend van die ernstigheid van die oortreding en of die lid sulke oortredings reeds van te vore begaan het. Die volgende metodes van dissipline kan toegepas word (in grade van ernstigheid)

      i. Mondelinge waarskuwing

      ii. Skriftelike waarskuwings

      iii. Finale skriftelik waarskuwing

      iv. Lidmaatskap opskorting.

b. Die klub bestuur moet bepaal hoe ernstig die oortreding is met verwysing na die skedule vir riglyne van oortredings. Indien die oortreding nie baie ernstig is nie, kan informele dissiplinêre aksies geneem word en die lid kan `n mondelingse waarskuwing ontvang. Formele dissiplinêre stappe is `n skriftelike waarskuwing en die ander wat hierbo genoem word. `n Finale skriftelike waarskuwing kan gegee word waar die oortreding van die reël ernstig is of as die lid reeds waarskuwings ontvang het vir dieselfde tipe oortreding. *Die mees ernstige dissiplinêre sanksie soos Finale Skriftelike Waarskuwing of Lidmaatskap Opskorting behoort slegs gevolg te word nadat `n dissiplinêre verhoor plaasgevind het.*

c. Dissiplinêre verhore sal uitgevoer word in terme van die kode.

5. **Dissipline verhore** . Die stappe wat gevolg moet word tydens `n dissiplinêre verhoor en die regte en verpligtinge van die klub en die lid tydens elke stap word hierna weergegee .

a. **Kennisgewing**. Indien die klubbestuur beslis het dat ernstige dissiplinêre optrede geregverdig kan word teen `n lid, moet `n dissiplinêre verhoor plaasvind.
Die lid moet in kennis gestel word:

   i. Op so `n wyse dat die klub verseker kan wees dat die lid die kennisgewing ontvang het. Indien omstandighede van so `n aard is dat `n skriftelike of verbale kennisgewing nie aan die lid oorhandige kan word nie, moet dit per geregistreerde pos aan die lid se adres versend word.

   ii. Van die datum, tyd en plek van die verhoor

   iii. Van die klag teen hom/haar in genoegsame detail dat dit die lid in staat stel om `n saak daarteen te kan voorberei

   iv. Dat die lid die reg het om by die verhoor verteenwoordig te word deur ’n medelid van die klub Geen regsverteenwoordiging sal toegelaat word nie

   v. Om die lid `n redelike tyd te gun om vir die verhoor voor te berei, ten minste 48 uur of langer

   vi. Die reg van die lid om enige getuie van die klub te ondervra en om sy/haar eie getuies en of bewysstukke te stel

b. Die Dissiplinêre Verhoor

   i. By die verhoor sal die volgende persone teenwoordig wees:

      1. Die lid wat aangekla word weens wangedrag (die beskuldigde)

      2. Die verteenwoordiger van die beskuldigde (indien sy/hy verkies om een teenwoordig te hê)

3. `n Onafhanklike voorsitter

4. Twee ander lede van die klub wat deel vorm van die dissiplinêre komitee.

5. Getuies van beide partye

ii. Die volgorde van verrigtinge

1. Met die aanvang van die verhoor sal die voorsitter die klag aan die lid stel. Die lid sal die geleentheid hê om skuldig of onskuldig te pleit. Indien die lid skuldig pleit sal die voorsitter voortgaan om `n gepaste straf te oorweeg (nadat vertoë van beide partye aangehoor is oor versagting en verswarings faktore). Indien die lid onskuldig pleit, moet getuienis aangehoor word.

2. Een van die addisionele lede van die klub (aanklaer) moet die saak van die klub stel met die doel om op `n oorwig van waarskynlikheid te bewys dat die beskuldigde skuldig is. Die lid (of verteenwoordiger) sal dan die geleentheid gegun word vir kruis ondervraging van die getuies van die klub. Hierna het die aanklaer die geleentheid om weer vrae te stel om enige onduidelikheid uit die weg te ruim.

3. Die lid kry dan die geleentheid om sy/haar saak te stel. Die lid sal eerste getuig en mag dan deur die aanklaer ondervra word. Die lid se verteenwoordiger mag daarna vrae vra om enige onduidelikheid op te klaar wat tydens die kruisondervraging mag ontstaan het. Die lid se getuies sal daarna toegelaat word om te getuig. Hulle mag ook kruisondervra word deur die aanklaer en daarna kan die lid se verteenwoordiger ook nog vrae stel.

4. Aan die einde van die verhoor moet die voorsitter en die addisionele lede bepaal of die lid skuldig of onskuldig is. Indien die bevinding onskuldig is, is dit die einde van die saak. Indien die uitspraak is dat die lid skuldig is, moet die voorsitter sy/haar besluit kommunikeer en dan toelaat dat beide partye (die lid en sy/haar verteenwoordiger) en die aanklaer die geleentheid gegun word om verwagtinge of verswarende faktore te stel en welke vonnis hulle van mening is opgelê behoort te word. Die voorsitter en die addisionele lede moet dan bepaal wat die vonnis behoort te wees. Dit kan onmiddellik gedoen word of na `n kort pouse of binne `n redelike tyd (nie meer as vyf dae nie). Die voorsitter se besluit en redes moet skriftelik gegee word.

5. Die lid moet ingelig word dat die hy/sy kan appelleer na die Bestuur Komitee. So `n appèl moet binne 48 x uur plaasvind.

6. **BEGINSEL VAN TOEPASSING OP DIE DISSIPLINÊRE PROSES**

a. Respek. Die verskillende partye sal mekaar en die proses met respek behandel.

b. Uitstel. `n Versoek vir uitstel sal alleenlik deur die voorsittende beampte oorweeg word indien dit tydig ingedien is, daar goeie redes daarvoor is en sal slegs in uitsonderlike omstandighede toegeken word.

d. Versuim om by te woon. Indien die lid of sy/haar verteenwoordiger nie die verhoor bywoon nie, kan die proses in hulle afwesigheid voortgaan.

e. Informasie wat benodig word. Die klub sal op versoek informasie wat redeliker gewys benodig word deur die lid om die saak te stel beskikbaar maak vir die lid of sy/haar verteenwoordiger binne `n redelike tyd.

f. Voorsitter

   i. Die voorsitter sal onpartydig, onafhanklik wees en sy/haar oordeel op `n regverdige en objektiewe manier toepas.

   ii. Oor die algemeen sal die voorsitter nie betrokke wees as die ontdekker van die oortreding nie, `n getuie of deel van die aanbieding van die klag nie.

   iv. Die voorsitter as `n onafhanklike is nie toegelaat om die bevinding (skuldig of onskuldig) of die vonnis met `n ander persoon te bespreek nie.

   v. `n Besluit oor die bevinding of die sanksie moet nie voor die verhoor gemaak word nie aangesien dit die proses en die beskuldigde sal benadeel.

   vi. Normaalweg sal die voorsitter nie betrokke raak by die getuienis deur aktief deel te neem nie. Deelname moet beperk word tot beslissings oor die volgorde van gebeure en vrae vir duidelikheid.

g. Notule. Die verhoor sal aangeteken word deur middel van `n skriftelik notule of `n band opname. Die lid is binne sewe werk dae geregtig op `n kopie daarvan.

h. Gedurende die verhoor. Die beskuldigde kan slegs gekonfronteer word deur die klagtes wat gelys is op die klagstaat wat hy/sy ontvang het in die kennisgewing. Nuwe kwessies kan nie geopper word nie aangesien die lid nie die geleentheid sou gehad het om daarvoor voor te berei nie.

i. Beskuldigde teenwoordig. Die beskuldigde sal teenwoordig wees tydens die aanbieding van al die getuienis teen hom/haar in die verhoor. In wetlike terme staan dit bekend as “audi ateram partem rule” wat beteken dat die beskuldigde die reg het om diegene aan te hoor wat die klagte stel en om vrae te kan stel oor die aantygings.

**MONDELINGSE WAARSKUWING**

Naam van klub ..............................................................................................................................

Naam van lid ...............................................................................................................................

Aard van die oortreding ................................................................................................................

Datum ........................................................

Hierdie dien as `n eerste/tweede/derde waarskuwing vir ..................................................................

Kommentaar deur die klub ..............................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

Kommentaar deur die lid ...............................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

Die inhoud van hierdie waarskuwing is aan my verduidelik op `n manier wat ek dit kon verstaan

...........................................................

Geteken lid

...................................................................

Geteken: Klub

**SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

Naam van klub ..........................................................................................................................

Naam van lid ..........................................................................................................................

Aard van die oortreding ..........................................................................................................................

Datum .........................................................

Hierdie dien as `n eerste/tweede/derde waarskuwing vir ...................................................................

Kommentaar deur die klub ..................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

Kommentaar deur die lid ..................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

Die inhoud van hierdie waarskuwing is aan my verduidelik op `n manier wat ek dit kon verstaan

...........................................................

Geteken Lid

....................................................................

Geteken: Klub

**FINALE SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

Naam van klub .......................................................................................................................

Naam van lid .......................................................................................................................

Aard van die oortreding ...........................................................................................................

Datum ..........................................................

Hierdie dien as `n **Finale Skriftelike Waarskuwing**

Kommentaar deur die klub ...............................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

Kommentaar deur die lid ...............................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

Die inhoud van hierdie waarskuwing is aan my verduidelik op `n manier wat ek dit kon verstaan

...........................................................

Geteken Lid

...................................................................

Geteken: Klub

**KENNISGEWING VAN `N DISSIPLINÊRE VERHOOR**

Naam van Lid ..........................................................................................................

Klagte (s) .................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

Datum waarop die kennisgewing bedien word ......................................................................

U word hiermee in kennis gestel dat 'n dissiplinêre verhoor sal plaasvind op

........................................... (datum) om ................................................. (tyd)

te ....................................................................................................................... (plek)

Neem kennis dat u die volgende regte het tydens die verhoor

U is geregtig op en verteenwoordiger van u keuse van `n ander lid van die klub.

U sal die reg hê om enige getuie van die klub te ondervra of te kruis ondervra en om u eie getuies en/of bewyse daar te stel

Die inhoud van hierdie kennisgewing van `n dissiplinêre verhoor is aan my verduidelik op `n manier wat ek dit kon verstaan

............................................................................

Geteken Lid

..........................................................................

Geteken Klub

**SKEDULE VAN RIGLYNE VIR OORTREDINGS EN VOORGESTELDE AKSIES OM TE NEEM. DIE SKEDULE VAN OORTREDINGS IS NIE OMVATTEND NIE.**

| **Oortreding** | **Mondelings Waarskuwing** | **Skriftelike Waarskuwing** | **Finale Skriftelike Waarskuwing** | **Lidmaatskap Opskorting** |
|---|---|---|---|---|
| Aanranding | | | | X |
| Bedrog | | | | X |
| Weerbarstigheid | X | X | X | |
| Weerbarstigheid (ernstig) | | | | X |
| Intimidasie | | | | X |
| Seksuele teistering | | | | X |
| Diefstal | | | | X |
| Misbruik van klub eiendom | | | X | X |
| Skade aan klub eiendom | | | X | X |
| Drank of dwelmmisbruik by die klub | | | X | X |